# LOSKOP RUGBYKLUB

# GRONDWET

# INHOUDSOPGAWE


| | | |
|---|---|---|
| 1. | NAAM | 4 |
| 2. | DOELSTELLING | 4 |
| 3. | KLEURE EN DRAG | 4 |
| 4. | LIDMAATSKAP | 4 |
| 5. | BEëINDIGING VAN LIDMAATSKAP | 5 |
| 6. | LEDEFOOIE | 5 |
| 7. | KLUBFASILITEITE | 6 |
| 8. | FINANSIES | 6 |
| 9. | JAARLIKSE STATE | 6 |
| 10. | AMPSDRAERS | 7 |
| 11. | KLUBDISSIPLINE | 7 |
| 12. | SPANKAPTEINS | 7 |
| 13. | BESTUUR | 7 |
| 13.1 | UITVOERENDE BESTUUR | 7 |
| 13.2 | DAGBESTUUR | 8 |
| 14. | JAARLIKSE ALGEMENE VERGADERING | 8 |
| 15. | WANNEER DIE AMP VAN LID VAKANT RAAK | 8 |
| 16. | VERKIESING VAN VOORSITTER | 9 |

| | | |
|---|---|---|
| 17. | KEURKOMITTEE | 9 |
| 18. | AFRIGTER | 9 |
| 19. | SUB-KOMITTEE | 10 |
| 20. | BESTUURSVERGADERING | 10 |
| 21. | KWORUM | 10 |
| 22. | PROSEDURE BY VERGADERINGS | 10 |
| 23. | PLIGTE EN MAGTE VAN UITVOERENDE BESTUUR | 10 |
| 24. | KENNIS VAN SPESIALE ALGEMENE VERGADERINGS | 11 |
| 25. | KENNISGEWING VAN BESTUURSVERGADERINGS | 12 |
| 26. | VERRRIGTINGS BY ALGEMENE VERGADERINGS | 12 |
| 27. | VERANDERING VAN GRONDWET | 12 |
| 28. | KLUBKENNISGEWINGS | 12 |
| 29. | KENNISGEWINGS | 13 |

* * *

# GRONDWET

# VAN DIE

# LOSKOP RUGBYKLUB

## 1. NAAM

Die naam van die klub is die LOSKOP RUGBYKLUB en word hierna die klub genoem.

## 2. DOELSTELLING

Die doelstelling van die klub sal wees om rugby te bevorder in die distrik van Groblersdal en Marble Hall soos omskryf in en onderhewig aan die reëls en regulasies soos bepaal in die Grondwet van die Blou bulle Rugby Unie.

## 3. KLEURE EN DRAG

Die kleure van die Loskop Rugbyklub sal wees:

3.1 ‘n Groen trui met ‘n ougoud kraag en ougoud strepe afwisselend met groen met ‘n klubwapen op die linker bors. Borge se embleem sal voor of agterop die trui vertoon word.

‘n Groen broek, en

Groen kouse met ougoud omslag.

## 4. LIDMAATSKAP

Alle aansoeke om lidmaatskap sal gemaak word op die vorm voorgeskryf ingevolge die bepalings van die Blou bulle Rugby Unie. Die Uitvoerende Bestuur besluit oor alle aansoeke vir lidmaatskap en het die reg om enige aansoek te weier sonder enige verpligting aan die kant van die Uitvoerende Bestuur om redes vir so ‘n besluit te verstrek.

4.1 Die klub sal uit tenminste 35 gewone lede bestaan wat sowel spelende as nie spelende lede sal wees,

4.2 ‘n Lid is ‘n persoon wie se ledefooi vol opbetaal is, kragtens artikel 6.1,

4.3 Geen gewone lid daarvan binne minder as 14 dae na sy nominasie of sonder dat sy naam vir minstens sewe dae op die perseel van die klub vertoon is, verkies word nie,

4.4 Die verkiesing van so 'n lid plaasvind of deur die bestuur of deur al die lede van die klub, uitgesonderd enige lid wat gediskwalifiseer is om te stem omdat hy agterstallig is met enige betaling daaraan verskuldig,

4.5 Niemand wat binne 30 kilometer van die perseel van die klub woon as 'n erelid, tydelike lid of wederkerigheidslid van die klub verkiesbaar is nie tensy,

4.5.1 Hy aldus verkiesbaar is omdat hy 'n openbare amp beklee of 'n bona fide-kandidaat vir lidmaatskap is of 'n buitengewone weldaad aan die klub bewys het, of

4.5.2 Hy die voorregte van lidmaatskap toegelaat word terwyl hy aan 'n wedstryd of kompetisie deelneem wat deur die bestuur van die klub goedgekeur is,

4.6 Die Sekretaris moet 'n register aanlê en hou, waarin elke lid die adres kan skryf waarheen kennisgewings aan hom gestuur kan word. Elke lid sal verantwoordelik wees en sal die reg hê om sy adres van tyd tot tyd te verander.

## 5. BEëINDEGING VAN LIDMAATSKAP

Die Uitvoerende Komitee mag die lidmaatskap van enige lid kanselleer op enige aanklag van wangedrag op die rugbyveld of van die veld af, met dien verstande dat so 'n krag aan die lid in skrif, per aangetekende pos na die adres verstrek op die aansoekvorm gepos word, en verder dat die Uitvoerende Komitee so 'n lid 'n persoonlike verhoor sal gun. Verder sal normale bedanking van toepassing wees.

## 6. LEDEFOOIE

Die Uitvoerende Bestuur sal die reg hê om die minimum ledefooi van R200.00 (Twee nul nul rand) opwaarts aan te pas indien omstandigehede dit vereis. Ledegeld mag ook verminder word indien die situasie dit vereis.

Die ledefooi vir erelidmaatskap sal onbepaald per jaar wees.

Die Uitvoerende Bestuur het die reg om die naam van enige lid wat die ledefooie ingevolge die bepallings van 6.1 en 6.2 nie binne drie maande na Algemene jaarvergadering betaal nie van lede register te verwyder.

## 7. KLUBFASILITEITE

Alle klublede en hulle gesinslede mag gebruik maak van klubfasiliteit uitgesonderd die wie se lidmaatskap opgeskort mag wees ingevolge artikel 5.

Slegs sy lede (met begrip van bona fide-wederkerigheidslede) toegelaat word om vir fasiliteite, drank of verversings op die perseel van die klub verskaf, te betaal.

Klublede het ook die reg om twee gaste per geleentheid te onthaal met dien verstande dat die gaste in die klubregister aangeteken sal word.

## 8. FINANSIES

Die finansies van die klub sal deur die Uitvoerende Bestuur bygestaan deur ‘n Tessourier behartig word.

Alle tjeks of finansiële dokumente sal bindend wees op die klub, mits elke bepaling deur die Uitvoerende Bestuur bekragtig is, om onderteken deur die Voorsitter of die Sekretaris in die afwesigheid van die Voorsitter, en mede onderteken deur die Tessourier, aangestel ingevolge die bepalings van artikel 10.

Geen wins uit die verkoop van drank deur die klub mag enige individu toeval nie.

## 9. JAARLIKSE STATE

Die Bestuur sal jaarliks ‘n behoorlike staat van Inkomste en Uitgawes met gesertifiseerde bankbalans by die Algemene Vergadering voorlê.

Die Sekretaris sal verantwoordelik wees om rekord te hou van alle vergaderings en ander korrespondensie van die klub.

## 10. AMPSDRAERS

Die volgende ampsdraers sal by die Jaarlikse Algemene Vergadering waar alleenlik persone soos bepaal in artikel 4.2 ‘n stem sal hê, gekies word.

President van die Klub.
Ere Vise Presidente (twee).
Klub Voorsitter.
Klub Vise-voorsitter.
Klub Kaptein.
Sekretaris.
Wedstryd-sekretaris.
Tessourier.
Afrigters soos deur die vergadering bepaal.
Spanbestuurder vir elke ligaspan.

## 11. KLUBDISSIPLINE

Klubdissipline sal gehandhaaf word op die strengste basis ooreenkomstig bepaling van artikel 5 van die Grondwet, en die bepalings van die Grondwet van die Limpopo bulle Rugby Unie.

‘n Lid van ‘n span wat versuim om na behoorlike kennisgewing op die vasgestelde tyd vir ‘n wedstryd op te daag, sal nie vir enige span gekies word, tot tyd en wyl hy ‘n bevredigende verklaring van sy afwesigheid aan sy spanbestuurder en aan ‘n lid van die Keurkomitee verstrek het nie.

## 12. SPANKAPTEINS

Die Spankapteins sal deur die keurkomitee aanbeveel word en by die eerste ligawedstryd deur die spanlede gekies word.

## 13. BESTUUR

### 13.1 UITVOERENDE BESTUUR

Die Uitvoerende Bestuur sal bestaan uit die volgende wat uit en deur Bona Fide lede by die Jaarlikse Algemene Jaarvergadering gekies word. Die ampstermyn strek van een Algemene Vergadering tot die volgende:

Voorsitter
Vise-Voorsitter.
Klubkaptein.

Twee Addisionele lede en Breier of Breiers.
Sekretaris, (Wedstryd-sekretaris), Penningmeester.

Die Uitvoerende Komitee sal by magte wees om lede te koöpteer.
Die Uitvoerende Komitee sal alle sake aangaande die klub behandel.
Pligstate van die Uitvoerende Bestuur ampsdraers sal as aanhangsels tot die grondwet gevoeg word.

**13.2 DAGBESTUUR**

Die Dagbestuur sal bestaan uit die volgende:

13.2.1 Die Voorsitter.
13.2.2 Sekretaris.
13.2.3 Tesourier en twee lede aangewys deur die Uitvoerende Bestuur.

Die Dagbestuur sal besluite neem oor dringende aangeleenthede wat mag opduik tussen Uitvoerende Bestuursvergaderings en daaroor verslag lewer op die volgende Uitvoerende Bestuursvergadering.
Pligstate van die Dagbestuur ampsdraers sal as aanhangsels tot die grondwet gevoeg word.

## 14 JAARLIKSE ALGEMENE VERGADERING

Vergadering sal gehou word nie later dan die einde van Januarie van elke jaar of na goeddunke van die Uitvoerende Bestuur. Veertien dae kennis van so 'n vergadering sal gegee word by wyse van advertensies in die pers en kennisgewings op die vasgestelde kennisgewingborde soos bepaal in artikel 29 van hierdie Grondwet.

Alleenlik Bona Fide lede van die Klub, dit wil sê PERSONE WAT LEDE IS VAN DIE JAAR WAT DIE ALGEMENE VERGADERING VOORAFGAAN, sal die reg hê om te stem by die Algemene Vergadering. Alle belangstellendes mag die vergadering bywoon en aan die besprekings deelneem maar sal geen stem hê nie.

## 15 WANNEER DIE AMP VAN LID VAKANT RAAK

Die amp van 'n lid sal deur die Voorsitter van die Uitvoerende Bestuur vakant verklaar word as:

15.2 Die lid te sterwe kom, of

15.3 Hy sy amp skriftelik bedank deur ‘n brief aan die Setretaris of Voorsitter van die Klub rig, of

15.4 As hy drie agtereenvolgende gewone vergaderings van die Bestuur sonder verlof van die Voorsitter afwesig is, of

15.5 Die lidmaatskap volgens die bepaling van artikel 5 onthef word.

Wanneer die amp van ‘n lid vakant raak sal die Uitvoerende Bestuur ‘n lid benoem om die vakature te vul. Die ampstermyn van ‘n lid so benoem sal strek tot die volgende Algemene Vergadering.

## 16. VERKIESING VAN VOORSITTER

Geen persoon wat minder as ‘n jaar diens op die Uitvoerende Bestuur het mag as Voorsitter gekies word nie met dien verstande dat waar geen so ‘n persoon beskikbaar is nie die lede teenwoordig by ‘n Algemene Jaarlikse Vergadering die mag sal hê om ‘n persoon wat ten minste een jaar lidmaatskap het, te verkies.

## 17. KEURKOMITEE

Sal bestaan uit die volgende:

17.1 Voorsitter
17.2 Klubkaptein
17.3 Hoofafrigter (Sameroeper)
17.4 Al die gekose afrigters

As ‘n lid drie agtereenvolgende oefeninge en/of vergaderings sonder ‘n grondige rede nie bywoon nie sal hy nie meer lid wees nie en sal skriftelik deur die Voorsitter daarvan in kennis gestel word.

Indien ‘n nie geregistreerde of nie gereelde speler vir ‘n span gekies word moet die keurkomitee die toestemming by die Uitvoerende Bestuur verkry om so ‘n speler te kies voor wedstryd plaasvind.

Alle uitvoerende bestuurslede mag Keurkomitee vergaderings bywoon maar het geen stemkrag om spanne te kies nie.

## 18. AFRIGTER

Hoofafrigter word vir ‘n termyn van 2 jaar verkies.

## 19. SUB-KOMITEE

Die Uitvoerende Bestuur sal die mag hê om van tyd tot tyd en na hulle goeddunke sulke komitees te benoem met dien verstande dat alle besluite van die Sub-komitees deur die Uitvoerende Bestuur bekragtig word.

## 20. BESTUURSVERGADERING

Die Uitvoerende Bestuur sal ten minste een keer per maand vergader maar mag meer dikwels vergadering na die Voorsitter dit nodig ag.

## 21. KWORUM

21.1 Vir die Jaarlikse Algemene Vergaderings, 50 persent van die geregistreerde lede van die vorige jaar.

21.2 50 persent van die lede van die Uitvoerende Bestuur vorm ‘n kworum.

21.3 Drie lede sal ‘n kworum vir die keurkomitee vorm.

Wanneer daar nie ‘n kworum vir die Keurkomitee is nie, het die Voorsitter die reg om ‘n lid van die Uitvoerende Bestuur te benoem.

## 22. PROSEDURE BY VERGADERINGS

Die Voorsitter of Vise-Voorsitter sal die stoel by alle vergaderings inneem. As beide die Voorsitter en die Vise-Voorsitter afwesig is sal die lede ‘n Voorsitter uit hulle geledere kies. Die Voorsitter sal behalwe ‘n gewone stem ‘n beslissende stem hê.

## 23. PLIGTE EN MAGTE VAN UITVOERENDE BESTUUR

23.1 Die Uitvoerende Bestuur sal alle sake van die klub behartig soos bepaal in hierdie Grondwet en die organisasie en administrasie van alle wedstryde waarneem.

23.2 Die Uitvoerende Bestuur sal gesamentlik en persoonlik verantwoordelik wees vir die finansies van die klub in soverre gemagtig deur Artikel 8 van hierdie Grondwet.

23.3 Die Uitvoerende Bestuur sal genoodsaak wees om toe te sien dat kwitansies uitgereik word vir alle inkomste terwyl alle betalings per tjeks, onderteken soos bepaal in Artikel 8 van hierdie Grondwet geskied.

23.4 Die Uitvoerende Bestuur sal klagtes van alle lede alleenlik in skrif ontvang en so ver dit die goeddenke van die Uitvoerende Bestuur wegdra, uit die weg ruim.

23.5 Die Uitvoerende Bestuur sal die verteenwoordigers na die Limpopo bulle Rugby Unie aanwys en sal by magte wees om plaasvervangers aan te wys.

## 24. KENNIS VAN SPESIALE ALGEMENE VERGADERINGS

24.1 Sewe dae kennis soos uiteengesit onder Artikel 15 sal gegee word van enige Spesiale Algemene Vergadering en 'n derglike kennisgewing sal duidelik meld die spesiale saak wat op so 'n Spesiale Algemene Vergadering behandel sal word.

Alleenlik Bona-Fide lede van die klub, dit wil sê persone wat lede is in die jaar wat die Spesiale Algemene Vergadering gehou word, sal die reg hê om te stem by 'n Spesiale Algemene Vergadering. Alle belangstellendes mag die vergadering bywoon en aan die bespreking deelneem, maar sal geen stem hê nie.

24.2 'n Spesiale Algemene Vergadering kan belê word deur:

24.2.1 Die Voorsitter, of

24.2.2 Die Uitvoerende Bestuur, of

24.2.3 'n Versoek in skrif aan die Sekretaris gerig en onderteken deur ten minste tien Bons-Fide lede van die klub.

24.2.4 'n Kworum sal dieselfde wees as vir Jaarlikse Algemene Vergadering (sien artikel 21.1).

## 25. KENNISGEWING VAN BESTUURSVERGADERINGS

Sewe dae kennis van Bestuursvergaderings sal aan alle lede van die Bestuur in skrif gegee word. Die agenda vir bespreking sal saam met die kennisgewing gestuur word.

## 26. VERRIGTINGS BY ALGEMENE VERGADERINGS

Die verrigtinge by die Algemene Vergadering sal as volg wees:

26.1 Die kennisgewing van die Vergadering word gelees.

26.2 Die notule van die vorige Algemene Vergadering en of Spesiale Vergadering intussen gehou, word gelees en bekragtig.

26.3 Die Algemene verslag van die Uitvoerende Bestuur en Finasiele state word gelees en aangeneem.

26.4 Die ampsdraers van die klub vir die seisoen word gekies.

26.5 Spesiale aangeleenthede ten opsigte waarvan sewe dae vooruit skriftelik kennis gegee is, word bespreek.

26.6 Die bepaling en toekennig van honorariums aan die Sekretaris en Tessourier word bespreek.

26.7 Algemeen.

## 27. VERANDERING VAN GRONDWET

Die bepalings van hierdie Grondwet of enige reëls van die klub kan op die Algemene of Spesiale Vergadering verander word, mits kennis van die verandering veertien dae vooruit aan alle lede gegee is, en twee derdes van die stemgeregtigde lede teenwoordig by so ‘n vergadering daarvoor stem.

## 28. KLUBKENNISGEWINGS

Algemene Klubkennisgewings moet aan alle lede verstrek word deur middel van kennisgewings op die kennisgewingsborde van die klub, en ‘n kennisgewing aldaar aangeplak is voldoende kennisgewing aan elke individuele lid.

## 29. KENNISGEWINGS

Die Uitvoerende Bestuur sal van tyd tot tyd sentrale en gerieflike plekke vir kennisgewings bepaal en alle kennisgewings op sulke plekke geplaas sal as genoegsame amptelike kennisgewing erken word.

* * * *